

## SIVEWRIGHT BRUG.

Die Sivewrightbrug oor die Mooirivier by Maclear is reeds tot historiese monument verklaar. Hierdie brug is in 1898 deur die Departement van Openbare Werke van die Kaapkolonie vir gebruik deur ossewaens gebou. Dit is uit gekapte sandsteen net bokant die ou wadrif gebou en is gevolglik die wabrug genoem. Dit is op 17 Januarie 1899 amptelik ge-open. Daar was destyds nog geen motors in die Macleardistrik nie.

Die brug is vernoem na Sir James Sivewright. Hy is gedurende 1848 op Fochabers in Skotland gebore. Gedurende 1877 het hy na 'n militêre loopbaan in Indië na die Kaapkolonie gekom as bestuurder van die Cape Telegraph Systems. Op 22 Mei 1888 het hy lid van die Kaapse Wetgewende Vergadering vir die kiesafdeling Griekwaland Oos geword. Cecil John Rhodes het hom in sy eerste kabinet as Minister van Lande en Openbare Werke aangestel. Vier jaar later het hy in Sir Gordon Sprigg se kabinet Minister van Spoorweë geword. Op 10. 09. 1916 is hy in Shropshire, Engeland oorlede.

Aanvanklik het die hoofpaaie vanaf Elliot en Tsolo na Maclear bymekaar aangesluit op die hoogte aan die suidwestelike kant bo die swart woonbuurt[destyds Lokasie genoem]. Daarna het dit met 'n wye draai, gevolg deur naastenby 'n reguit lyn die brug na die dorp gekruis. In 1906 het die spoorlyn Maclear bereik en is die stasiewerf oor genoemde pad gebou. Die pad moes verlê word en het daarna met verskeie reghoekige draaie om die stasie geloop.

Vanaf die hoof spoorlyn was daar 'n kort verlenging na mnr.W. F. Rock, wat 'n winkel langs die hoofstraat in die dorp bedryf het, se private sylyn. Die pad het die verlenging, wat maar min gebruik is, op 'n gelyke vlak gekruis. Maclear se kaasfabiek is later langs Rock se sylyn opgerig. Rock se winkel in die dorp is deur die Maclear Koöperasie aangekoop, vervang en geleidelik uitgebrei.

Die hoofpad na Elliot het die spoorlyn op die plaas Saussure gekruis. Daar is twee hekke by die kruising aangebring. Namate motorverkeer op die pad toegeneem het, het dit tot groot ergernis vir motoriste gelei. As daar net een persoon in die motor was, moes hy stilhou by die eerste hek. Uitklim, die hek oopmaak, terugloop na die motor, inklim, deur die hek ry, weer stilhou, terugloop om die hek toe te maak. Daarna terugloop na die motor, opklim, oor die spoorlyn ry en stilhou by die tweede hek. Die hele prosedure herhaal, dan opklim en verder ry.

Enkel persone met perdekarre het groter probleme gehad want die perde kon te eniger tyd op loop gaan. Vir waens getrek deur lang spanne osse was dit nog moeiliker. Albei hekke moes eers oopgemaak word voordat hulle in veiligheid oor die spoorlyn kon beweeg. Gelukkig was daar soms AmaXhosa seuns wat die hekke terwille van 'n klein footjie oopgemaak het.

Nadat die Ugie/Elliot hoofpad gedurende 1960 na die plaas Weatherley verskuif is en die C. E. Kirkbrug oor die Mooirivier gebou is, is die spooroorgang tot verligting van almal gesluit. Die hoofpad het die dorp daarna heeltemaal vanuit 'n ander rigting genader. Toe die teerpad gedurende 1979/81 gebou is, is die roete behou.

Vanaf 1976 tot 1981 het die Afdelingsraad van Maclear[sedert 01. 01. 1980 Drakensberg Afdelingsraad] die pad na Tsolo tot op die Transkeigrens geteer. Die pad is terselfdertyd by die ingang van die dorp verlê. Dit loop nou in lyn met die hoofstraat oor die dorp se ou rugbyveld en 'n nuwe brug is oor die Mooirivier gebou. In die ou dae het rugbyballe tydens wedstryde of oefeninge maklik in die rivier beland.

Die hoofpad van Maclear na Mount Fletcher wat intussen ten volle geteer is, het by daardie ingang van die dorp ook aansienlike veranderings/verfbeterings ondergaan. Die ou bekende "cutting" en die brug oor die Meulspruit is heeltemaal verander.

Saamgestel deur Frans Nel.  
19. 08. 1998.